Hompie Kedompie se seuns het Braaidag terdeë geniet.



Attie, Hompie Kedompie se bo-baas vuurmaker het weereens die seuns bygestaan by die braaiers.



Elke seun het 'n stukkie wors gebraai, onder toesig was volwassenes natuurlik!



Elke seun het 'n bakkie aartappelslaai en 'n lekkergoed pakkie ontvang.

# Huldeblyk aan 'n geliefde inwoner

DE AAR – Op Vrydag, 24 September het die familie en vriende afskeid geneem van Janita Barnard (néé Moore).

"Ons Vader se liefde het soos sonstrale deur 'n venster, helder en sonder valsheid deur haar geskyn. Sy het nooit geoordeel nie en net die mooiste in elke persoon raakgesien. Ons sal haar onthou as iemand met 'n nederige geaardheid wat altyd bereid was om ander se behoeftes voor haar eie te stel." Janita was 'n boorling van Rietbron en het in 1972 in Richmond gematrikuleer, Na skool het sy haar opleiding in die Onderwys kollege in Graaff-Reinet voltooi. In 1982 tree sy in die huwelik met Danie Barnard en uit hulle huwelik word daar twee seuns gebore.

Haar mooi skoolspore het in 1978 to 1982 by die De Aar Noord Pre-Primêre skool (Blouskool) begin. Sy het ook onderwys gegee by Hoërskool Orion, asook Hoërskool Veritas. Janita was 23 jaar betrokke by Hompie Kedompie, waarvan sy twaalf jaar die pos as skoolhoof beklee het. Ook hier gaan sy gemis word en sy laat 'n groot leemte, maar mooi herrinneringe sterf nooit nie.

Janita Barnard word oorleef deur haar eggenoot, Danie, twee seuns Jaco en Harold, twee skoondogter, twee kleindogters en ook een oppad. Haar troosdiens vind vanoggend, Vrydag, 1 Oktober om 11:30 vanuit die NG Kerk De Aar plaas en die diens sal deur Ds Ankia Du Plooy gelei word.



Wyle Janita Barnard.

# NG Kerk basaar vind plaas

De Aar – Dit is weer daardie tyd van die jaar en môre, Saterdag, 2 Oktober hou die NG Kerk De Aar hulle jaarlikse basaar.

Besoekers kan hierdie jaar uitsien na heerlike braaivleis, pannekoek, basaar poeding, liplekker tuisgebak soos beskuit, terte en koeke. Daar sal ook vir die kinders vermaak aangebied word. Die basaar sal om 09:00 begin en besoekers kan die ingang in Cilliersstraat gebruik.

Hierdie jaar se basaar beloof om vol lekkernye, pret en plesier te wees en sal beslis iets vir die hele gesin bied. Bring u geliefdes en besoek die NG Kerk De Aar se basaar. Covid-19 reëls geld en besoekers moet ten alle tye hulle maskers dra.



Die NG Kerk De Aar se jaarlikse kerkbasaar vind môreoggend op die kerk terrein plaas wanneer die braaivleisvure weer hoog gaan brand.


**DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS & INFRASTRUCTURE**

TENDERS CLOSING

**7 October 2021 at 11:00**

Documents sold are Non-Refundable

| TENDER NUMBER | SERVICE DESCRIPTION |
| --- | --- |
| LS03/2021 | **DE AAR JUSTICE** Office accommodation – 120.00m² and 09 parking bays for a period of 12 months. |
| | *Tender to be awarded to the highest scoring acceptable tender. Points will be allocated for:<br>a. Price and Preference: according to formula in PPPFA: Regulations 2017<br>b. Tenderer must comply with the Pre-qualification criteria for Preferential Procurement: Category A, B, C and D<br>c. Certificates will be verified with issuing Institutions . Bidders are required to submit proof of BBBEE status level of contributor, failure to do so may result in a disqualification.<br>d.Functionality is applicable as pre-qualification criteria. Minimum functionality will be 50%<br>NOTE: Documents will be sold at a non-refundable deposit OR can be downloaded form the Departmental Website:www.publicworks.gov.za/tenders<br>Contact for Bid information: **Mrs G Aysen 053 – 838 5221**<br>General Enquiries: **Mr Machi 053 – 838 5222*** |

**Tender document forms available from:** **Department of Public Works Infrastructure Old Magistrate's Office 21-23 Market Square Kimberley 8301**

## Briewe aan die Redakteur

*Geagte Redakteur*

Ons ouers se graf (my ma is gedurende 2000 of 2001 doodgeskiet in Waterdal, Mynie Gibbons) en in 2007 is my pa langs haar begrawe.

Dit was hartverskeurend om daar te kom, te sien hoe die graf en begrafplaas jaar na jaar net agteruit gaan. En hier kom hierdie engel sonder vlerke, by name Toni Ward oor ons pad. Die liefdeswerk wat sy en van die gemeenskapslede daar doen is ongelooflik.

Die boere wat hulle trokke beskikbaar stel om die vuilgoed weg te ry. Aan ieder en elkeen dankie, dankie en nogmaals dankie. Ek en my dogter is van Krugersdorp en my suster van Vryburg. Daar is nou soveel gemoedsrus met die wete dat iemand nou 'n ogie hou daar. Spesiale dank vir Toni en Hennie wat die sementwerk gedoen het en sy vra geen vergoeding.

As jy iets gee is dit vir die wat die werk doen, hetsy voedsel of kontant. Die vrou se onbaatsugtigheid is 'n riem onder my hart!

Groete Matilda du Toit, Natasha du Toit en Christa Doyle.



Matilda en Christa saam met Toni by die grafte van hulle ouers.



Dit is hoe pragtig die graf gelyk het nadat Toni en haar span dit herstel het.


Hennie is hier hard aan die werk om ie graf te herstel.


Hennie is hier hard aan die werk om die graf te herstel.


# DIE / THE ECHO



*Kontak my vir u nuusberigte!*

**ALLE NUUSBERIGTE IS GRATIS!**

*Ek help graag en wil die nuus deel met ons lesers!!*

**Kontak Jacqueline:**

**Kantoor: (053) 631-2702**

**WhatsApp: 076 813 9136**


# *Bekende inwoner skielik oorlede*

DE AAR – Verlede Sondag, 19 September het die familie en vriende van Sandra van Zyl met 'n skok verneem van haar haar skielike afsterwe.

Sandra Cornelia van Zyl is op 4 Julie 1977 in Walvisbaai, Namibie gebore. Hier het sy opgegroei tot en met die ouderdom van 11 jaar waarna sy en haar familie na De Aar verhuis het. Sandra en haar eggenoot, Frans het mekaar reeds op laerskool ontmoet en het in standard 7 begin uitgaan. Hulle is in 1996 in die eg verbind en uit hulle huwelik is daar twee kinders gebore, Melissa en Frans (jnr). Sandra was tot en met haar afsterwe by hulle familie besigheid, FS Workshop betrokke, waar sy nou saam met haar eggenoot gewerk het. Sandra was 'n mense mens wat haar gesin altyd eerste gestel het. Sy was lief vir naaldwerk doen, teken, kreatief wees, brei en hekel. Sy was 'n liefdevolle mens, was lus vir die lewe en het mense aangeraak met haar menswees. Haar persoonlikheid het uitgestraal van binne na buite. Sandra is 'n tyd gelede gediagnoseer met kanker en is na 'n kort siekbed na haar Hemelhuis.

Sandra laat haar eggenoot, Frans, haar kinders Melissa en Frans (jnr), 'n skoonseun, Herman, kleindogter, Elizé-Marie, haar ouers, suster, 'n breë familie en vriendekring agter. Haar begrafnisdiens het reeds op Vrydag, 24 September vanuit die AGS Kerk De Aar plasgevind en die diens is deur haar eggenoot, Frans van Zyl waargeneem.


Wyle Sandra van Zyl.

## Briewe aan die Redakteur

*Die Redakteur*

BEKOMMERDE BELASTING BETALER: Hiermee gepaard 'n afskrif van die skrywe gerig aan ons Munisipale Bestuurder oor rekeninge wat meer as 'n jaar nie gelewer word as nie aangevra word nie.

Ek het die saak met ander belastingbetalers bespreek en die gesprekke het gedui dat hulle presies dieselfde probleem ondervind. Is dit nie baie duidelik waarom ons Munisipaliteit bankkrot is nie, daar is geen goeie rekeningstelsel in plek wat gereeld gemonitor word, geoudit word en die nodige aanpassings gedoen word soos in enige ander suksesvolle besigheid gedoen word. Dit is die ruggraat van die besigheid dan. Maak ons agterstallige syfers vir my duidelik.

Groete CJ (Neels) Grobbelaar


# DOORSTEP DINNERS De Aar

**Maandag 4 Oktober tot Vrydag 8 Oktober**

**ONS LEWER AF!**
Gewone "**Home cooked**" maaltye
Plaas u bestelling teen 11:00 elke oggend, Maandag tot Vrydag!
*****
Ons bring dit na u "**Doorstep**" tussen 16:00 en 17:30 elke dag.
*****
**BETALING:**
Kaart fasiliteite beskikbaar of EFT

Droes: 083 446 8867

R55 PER PORSIE



**MAANDAG**
HERDERSPASTEI MET GEMENGDE GROENTE

**DINSDAG**
BEEF STROGANOFF MET RYS EN BROCCOLI

**WOENSDAG**
CHICKEN-A-LA-KING MET SOET WORTELS

**DONDERDAG**
CHICKEN DIVINE MET RYS EN BUTTERNUT

**VRYDAG**
BEEF KERRIE MET RYS EN TOMATIE/UIE SLAAI

# Soeke na 'n lewe van sin en betekenis: Hemelse wysheid teenoor aardse wysheid

ADELAIDE — **SKRIFLESING:** Jacobus 3:13-18. Jakobus stel 'n vraag: Is daar 'n wyse of verstandige mens onder julle?

Ons dink as iemand op universiteit of kollege was, dat die persoon verstandig is. Ons dink aan CJ Langenhoven wat die mooiste gedagtes oor wysheid geskryf het. Baie mense plaas ook op Facebook die mooiste gedagtes, Christelike aanhalings, gedigte en so meer en ons dink hulle is wys.

Maar mense wat die mooiste goed op Facebook plaas, se lewens is dikwels in kontras daarmee. Op WhatsApp kan ons ook die treffendste Christelike goed plaas en ons dink dit is wysheid. Daar was ook 'n tyd dat mense Christelike plakkers op hulle voertuie aangebring het, maar hulle het soos padvarke bestuur.

Party besighede plaas ook Christelike verse en aanhalings op hulle advertensies, sodat kopers moet dink dat hulle eerlik is en met integriteit sal optree. Dan is dit juis hulle wat 'n mens verneuk. In die Afrika-konteks kry 'n mens ook baie "opskiet kerke", wat nie verbind is aan 'n kerkgenootskap wat oor die pastore toesig hou nie.

Die afgelope tyd het ons gelees van kamstige "pastore" wat met seks-sindikate, geldwassery, mensehandel, bedrog, geldelike afpersing van lidmate en erge kriminele aktiwiteite besig is, onder die soetsappige stroop-dekmantel dat hulle pastore en leiers van kerke is. Dit is daarom ook die rede dat die regering wetgewing oorweeg om kerke te reguleer. In die naam van godsdiens kan jy nogal baie mense bedrieg en probeer wegkom met erge wanpraktyke.

Jy word nie gereken aan wat jy sê nie, maar wat jy doen. Jakobus se uitdaging is: Bewys jou wysheid deur goeie gedrag. Daarom moet jy onderskei tussen hemelse wysheid en aardse wysheid.

Ware wysheid en verstandigheid het alles te doen met gedrag. Daarom moet ons onderskei tussen wysheid van bo, teenoor wysheid van onder. Wysheid van bo is nie maar net voorgee met woorde nie. Dit is aktiewe dade van nederigheid en sagmoedigheid.

Wysheid van onder is dikwels woorde, sonder dade wat dit bewys. Dit gaan gepaard met selfsug en afguns.

Daarom, as 'n mens die skrifgedeelte saamvat gaan hemelse wysheid oor dade van nederigheid (sagmoedigheid) en aardse wysheid oor dade van selfsug en afguns.

Luister hoe beskryf Jakobus hemelse wysheid in Jak 3:17 en 18: "Maar die wysheid van bo is in die eerste plek suiwer, en verder ook vredeliewend, bedagsaam, inskiklik, vol deernis en goeie vrugte, onpartydig en opregte. En die vrug van geregtigheid word in vrede gesaai vir hulle wat vrede maak."

Die hemelse wysheid kan alleen bogenoemde eienskappe baar, as nederigheid (sagmoedigheid) seëvier. Hemelse wysheid beteken volgens Jakobus nederigheid (sagmoedigheid).

Daar was 'n ou Joodse gebruik waar mense in 'n sirkel gedans het by Joodse feeste. In 'n sirkel is daar nie eerste en laaste soos in 'n ry nie. Almal in die ry is gelyk, almal is tegelyk eerste en tegelyk laaste. So kan almal nederig bly.

Daarom moet dit vir Christene gaan oor dienswerk en nie selfsug en afguns nie. Wanneer 'n gelowige in 'n posisie van gesag geplaas word, moet die motief van diensbaarheid en nederigheid, jou 'n dienskneg en slaaf maak van ander.

Gelowiges wat bereid is om selfloos, sonder eie belang, bereid is om te dien, sal self deur God vereer word. Paulus maak Christus Jesus 'n voorbeeld van die een wat 'n dienskneg en 'n slaaf geword het. (Johannes 13). Op die regte tyd het God vir Jesus tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is.

Owen Feltham skryf: " Ek merk dat God van al die plante die eenvoudige wynstok gekies het wat gestut moet word; en van al die diere, die onskuldige lam; en van die voëls, die onskuldige duif. Christus is die roos van die veld en die lelie van die dale.

Toe God aan Moses verskyn het, was dit nie in die trotse seder of in die kragtige eikeboom nie, maar in 'n nederige en eenvoudige braambossie, asof Hy deur hierdie keuses die hoogmoed en die verwaandheid van die mens in toom wil hou."

Die Here hou van eensgesindheid. Nederigheid en sagmoedigheid (hemelse wysheid) bevorder eensgesindheid. Selfsug en naywer (aardse wysheid), rysmier die eensgesindheid van mense. Die Here se gebed in Johannes 17 was dat Sy mense een mag wees, soos God-Drie-Enig een is.

Jakobus skryf juis hierdie brief, omdat die ontvangers daarvan in stryd met mekaar gelewe het. In plaas van nederigheid (hemelse wysheid), het selfsug en afguns (aardse wysheid) geseëvier.

Jakobus 3: 15 tot 16 praat oor die gevolge van aardse wysheid. Die gevolg van selfsug en afguns is: "Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar aards, nie-geestelik en demonies. Want waar afguns en selfsug heers, kom wanorde en allerlei gemene dade voor."

So lyk ons wêreld as gevolg van aardse wysheid. Al die onmin in huwelike, in gesinne, in vriendekringe, by die werk, in die kerk, in die politiek, is te wyte aan aardse wysheid wat selfsug en afguns verkondig. Daarom is daar so baie wanorde en allerlei gemene dade tussen mense. Mense kan die wreedste wesens op hierdie aarde wees. Ons sien dit in oorloë, in sake-transaksies, wanneer geld ter sprake kom en wanneer mense die leer van mag en beheer klim.

Watter gedrag gaan u en ek openbaar? Hemelse wysheid of aardse wysheid? Die aardse wysheid van selfsug en afguns vernietig alles en verbreek die eenheid tussen mense. Maar hemelse wysheid van nederigheid en sagmoedigheid bring eenheid en vrede tussen mense. Dit is heilsaam en dit bou die gemeente.

Mag ons lewe gekenmerk word deur hemelse wysheid! Amen.

*(Ds Paul Odendaal is leraar van die NG Kerk Adelaide.)*

# Mohair Market Report

THE third sale of the 2021 winter season took place in Port Elizabeth on Tuesday, 28 September this year, with 167 849kg on offer of which 95% was sold.

The offering consisted of some good quality mohair, however the yield % was below average. 72% of the mohair on offer were RMS certified. Overall, the buying houses competed actively for the mohair offerred, especially for the RMS certified mohair and more specific the stronger mohair segment of the market.

Although the demand to the finer mohair is still good, they started to see some price resistance in this segment of the market, which in turn puts pressure on the kid and young goat prices.

The average market indicator decreased by 5% (decreased by 9% in dollar terms), from the previous sale, to close on R398.58 per kg.

A highest price of R880.00 per kg was paid for a bale of super style 25 micron kid mohair.

Compared to the previous sale, prices were as follows: Kids Down 9%. Young Goats Down 3%. Fine Adults Unchanged. Strong Adults Unchanged. Average Down 5%.

The fourth sale of the 2021 winter season will take place on 19 October.

De Aar Solar Power

**VACANCY**
**General Office Assistant (4 month contract) De Aar**

***Globeleq** is a leading independent power producer operating and developing power projects in Africa. In South Africa (SA), Globeleq owns and operates renewable energy (RE) power plants throughout the country.*

**The General Office Assistant is required to:**

- Undertake all plant cleaning duties using the prescribed methods and frequencies in line with the requirements of the cleaning specification and safe working procedures.
- Provides general and administrative assistance to the plant staff.
- Clean and sanitize office.

**Duration:**
**15 November 2021 to 01 April 2022.**

**Please email CVs to:**
jobs@globeleq.co.za

**OR**

**Deliver to:**
Globeleq Solar Farm across Bosasa at the main gate

**Deadline for submission:**
**8 October 2021**

ACVV
ACVV SONDER SORGE

**VAKATURE**

**GEREGISTREERDE VERPLEEGKUNDIGE**

**Minimum vereistes:**

- Registrasie by die SARV en bewys van betaling van 2021 jaargelde.
- Bewys van indemniteitsversekering.
- Twee jaar Sub-Akute / Palliatiewe sorg ervaring of gelykstaande ervaring.
- Moet oor goeie leiereienskappe beskik.
- Moet kan medikasiebeheer toepas, goed met ouer persone werk, gesag kan handhaaf met personeel onder sy/haar toesig.
- Taalvoorkeur: Afrikaans en Engels.
- Polisieklaring indien nodig.

**Vergoedingspakket onderhandelbaar binne ACVV-skale.**

**Diensaanvaarding:**
So spoedig moontlik.

Rig volledige CV met gesertifiseerde afskrif van alle relevante dokumentasie aan Die Beheerraad per e-pos: *acvvsondersorge@gmail.com*. Die CV kan per hand ook afgelewer word te Visserstraat 47, DE AAR.

**Aansoeke sluit: 30 Oktober 2021, pos is DADELIK beskikbaar.**

**Navrae:**
Mev J Maritz, Bestuurder ACVV Sonder Sorge, by Tel: 081 046 6119. T092921 01

**DE AAR DRUKKERS**
Telefoon 631-2851 Posbus 44 De Aar
*VIR SPOEDIGE DRUKWERK VAN HOË GEHALTE*
**MIDLAND NUUS**
POSBUS 224 CRADOCK Telefoon (048) 881-5330

EMTHANJENI LOCAL MUNICIPALITY

MUNISIPALITEIT
EMTHANJENI MUNICIPALITY

## Kennisgewing
No. 61/2021

Die Munisipale Bestuurder van Emthanjeni Munisipaliteit, mnr I Visser, wil graag in die aanloop tot die munisipale verkiesings van 2021 die volgende reëlings onder die aandag van alle politieke partye bring.

**1. HANG VAN PLAKKATE**

Alle politieke partye moet vooraf aansoek doen by die Munisipaliteit om plakkate aan te bring op pale van die Munisipaliteit. Partye moet skriftelik aansoek doen en 'n bedrag van R900,00 as deposito betaal, waarna 'n brief van toestemming uitgereik sal word.

Die plakkate van enige politieke party wat hierdie reëling verontagsaam, sal summier deur die Munisipaliteit verwyder word.

Verder word partye ook versoek om nie die plakkate met spykers vas te kap teen houtpale nie en met draad teen die ysterpale vas te maak nie aangesien dit die verf aan die pale beskadig. Partye word aangeraai om eerder tou te gebruik om plakkate vas te maak.

Plakkate moet binne 4 dae na die verkiesing verwyder word van die pale. Indien hierdie reëling nie nagekom word nie verbeur die party die deposito van R900,00.

**2. GEBRUIK VAN SALE, PARKE ENSOVOORTS VIR BYEENKOMSTE**

Soos in die geval van plakkate moet daar ook vooraf by die Munisipaliteit aansoek gedoen word vir die gebruik van sale en die nodige deposito moet ook betaal word. Covid-19 protokolle moet te alle tye op munisipale eiendomme gehandhaaf word. Geen openbare byeenkomste mag in munisipale sale en parke plaasvind sonder die nodige vooraf toestemming van die Munisipaliteit nie. Indien nodig, sal oortreders verwyder en vervolg word.

**3. MOTOROPTOGTE**

Dit gebeur van tyd tot tyd gedurende die veldtogte dat motoroptogte plaasvind wat nie behoorlik gereël is nie. Hierdie praktyk om die vooraftoestemming van die Munisipaliteit te verontagsaam, sal nie geduld word nie.

Partye moet aansoek doen by die Munisipaliteit sodat die nodige reëlings met die Verkeersafdeling en die Polisie getref kan word.

Ongeorganiseerde motoroptogte kan nadelig wees vir ander padgebruikers en kan ook die veiligheid van padgebruikers en voetgangers in gevaar stel.

Partye word versoek om bostaande reëlings stiptelik na te kom.

Vir enige navrae skakel gerus vir:
**mnr TW Msengana op:**
**(053) 632 6100 of 061 472 5577.**

MNR I VISSER
(Munisipale Bestuurder)

Voortrekkerstraat 45
Posbus 42
DE AAR
7000 T093021A 01

EMTHANJENI LOCAL MUNICIPALITY

MUNISIPALITEIT
EMTHANJENI MUNICIPALITY

## NOTICE
No. 61/2021

The Municipal Manager of Emthanjeni Municipality, Mr I Visser, would like to bring the following arrangements to the attention of all political parties in the run-up to the municipal elections of 2021.

**1. DISPLAY OF POSTERS**

All political parties must apply to the Municipality beforehand to display posters on poles of the Municipality. Parties must apply in writing and pay an amount of R900.00 as a deposit before a letter of consent will be issued. The posters of any political party disregarding this arrangement will be removed by the Municipality forthwith.

Parties are also requested not to nail posters to wooden poles or use wire to fix posters to the iron poles as it damages the paint on the poles. Parties are advised to use rope to fix their posters.

Posters must be removed from poles within 4 days following the election. If this arrangement is not complied with the party will forfeit the deposit of R900.00.

**2. USE OF HALLS, PARKS ETC FOR GATHERINGS**

As in the case of posters, prior permission must also be obtained from the Municipality for the use of halls and the required deposit must also be paid and COVID-19 protocols must be adhered to at all times on municipal properties. No public gatherings may be held in the municipal halls and parks without the necessary prior permission of the Municipality. If necessary, offenders will be removed and prosecuted.

**3. MOTORCADES**

In the course of campaigns motorcades sometimes take place without proper arrangements. This practice of disregarding the prior permission of the Municipality will not be tolerated.

Parties must apply to the Municipality to enable the necessary arrangements to be made with the Traffic Department and the Police.

Unorganized motorcades can pose a threat to other road users and can also endanger the safety of road users and pedestrians.

Parties are requested to comply strictly with these arrangements.

Kindly contact:
**Mr TW Msengana on:**
**(053) 632 9100 or 061 472 5577** for further enquiries.

MR I VISSER
(Municipal Manager)

45 Voortrekker Street
P.O. Box 42
DE AAR
7000 T093021B 01

Support Locally

JoKo COURIERS
BESTE DIENS / BESTE PRYS
LANDSWYD
Skakel Johan by 063 989 8337

# ECHO SPORT

FRIDAY 1 OCTOBER 2021

STONEY SLAGHUIS
Voortrekkerstraat, De Aar — Tel: (053) 631-2491

| | |
|---|---|
| Savoury Marinated Spare Ribs | R99,90/kg |
| Namakwa Wors | R69,90/kg |
| Stoney Boerewors | R89,90/kg |
| Skaapkookvleis | R99,90/kg |
| Gemengde Skaaptjops | R124,00/kg |

TERWYL VOORRAAD HOU!!!

## COVID-19 vaccine saves lives, says Deputy President

DEPUTY President David Mabuza, in his capacity as Chairperson of the Inter-Ministerial Committee (IMC) on COVID-19 Vaccines, has debunked the myth that the vaccine kills.

"Vaccination protects people's lives. We've seen all those who have died because of COVID-19 and have been reassured that this vaccine is the only defence against this deadly disease.

"This notion that it kills or 'trips the main switch' as some would like to believe, is not true. The vaccine doesn't kill," he stressed. The Deputy President was speaking at the Ehlanzeni District in Mpumalanga on Thursday, where he undertook an oversight visit.

He also assured people that medical experts have thoroughly tested and found the vaccine to be safe and effective in preventing severe COVID-19 illness. While vaccination coverage is increasing amid stable vaccine supply countrywide, Mabuza expressed concern that the province has achieved under 25% of vaccination coverage of the targeted population eligible for inoculation.

He encouraged chiefs and community leaders to embark on door-to-door campaigns to get people vaccinated. He called on leaders to collectively come up with ideas on how they can speedily get more people to vaccinate.

Vaccine hesitancy - Deputy Minister in the Presidency responsible for State Security, Zizi Kodwa, who accompanied the Deputy President, said the challenge of availability of vaccines is the thing of the past.

Kodwa said one of government's strategies is to have more pop-up vaccination sites across the country to boost the rollout campaign. "That's why we're meeting the chiefs so that their traditional authority councils can be used because they're quite accessible to the people."

Kodwa said government is determined to deal with some of the myths that drive vaccine hesitancy, especially in the 18 and 34 years age group. "However, we're also worried because even at the age of 60 and above, vaccination numbers are low. We hope our message today will turn the situation around."

Kodwa said government is working around the clock for the country to go back to full economic activity, which cannot happen if people are not vaccinated. "We also want to make sure that vaccination rollout is maximised, including in rural areas."

Government, Kodwa said, is pressing towards its goal of vaccinating over 60% of the adult population by December. "We think that some improvement in some areas that are also rural such as the Eastern Cape, Limpopo and KwaZulu-Natal, gives us hope that we can do better in provinces like Mpumalanga as well."

CMC
CM CHEMICALS
NEW!
NOW IN STOCK!
Women's clothing
Ready For SUMMER
053 631 3498
CMC@TELKOMSA.NET
CORNER OF ALEXANDER AND FRIEDLANDER
Find us on: facebook
HALSTED
WE DO CLEANING WITH MEANING

## ANNUAL ELFA FOOTBALL LEAGUE PLAY-OFFS



The De Aar Ajax FC participated for the first time after eight years in the SAFA/Emthanjeni Senior League and won the league first time.

DE AAR – One of the soccer highlights of the Emthanjeni Local Football Association are the seasonal zonal playoffs. The play offs took place at the De Aar Merino Park on 12 September, where the four finalist teams went head on to see who will claim the winning price.

The tournament serves three purposes for which we are grateful: Positive team experience and practice against great competition for local soccer teams.

Addressing getting youngsters more active and involved in sports, and By bringing teams out of Emthanjeni and Rhenosterberg Municipalities together. It has been quite clear that a lot of players are now responding to the ELFA ethos and how to conduct themselves on and off the pitch.

This tournament envisages to arouse the interest of young people who are in soccer by sharpening their skills, providing an opportunity for them to pursue soccer as a career. The tournament aims to be world-class with annual soccer tournaments that uses soccer as a catalyst to encourage youngsters and vulnerable children to change their lives.

Players were all terrific passers and threats to score, and it has been enjoyable to watch them control the flow of play and create scoring opportunities for their teams.

The Mulilo De Aar Solar and Wind Community Trusts sponsored 22 clubs with prize monies, the playoffs trophy and medals for members 4 finalist's teams. De Aar Ajax FC participated for the first time after eight years in the SAFA/Emthanjeni Senior League and won the league first time.

The De Aar Ajax Football Club obtained promotion to the SAFA Pixley Regional Men's League for the season 2021/2023. The De Aar Gunners FC, Hanover Juventus FC and Hanover Youngstars were the runner ups of the seasonal play offs tournament that took place on the 12th of September.

Soccer or rather "Diski" as we know it in the Northern cape, with all the uproar and spectators it brought around the field had a rather bleak view and seemed to bear no fruit in the smaller parts of the Karoo. Young men with much artfulness in the soccer avenue had little to no exposure to ever be world renowned soccer players. However, the Emthanjeni Local Football Association completely changed the future of Karoo diski tremendously.

Pele the soccer legend once said: "I'm constantly being asked about individuals. The only way to win is as a team. Football is not about one, two or three-star players".

## Neem deel aan Senior Afrikaanse Olimpiade

DE AAR – Op 18 Mei vanjaar het die Senior Afrikaanse Olimpiade plaasgevind. Veertien Afrikaans Huistaal "leerders en een Afrikaans Addisionale Taal leerder" van Hoërskool De Aar het deelgeneem. Ses van die Afrikaans Huistaal leerders het onder die Top 20 in die Noord-Kaap geëindig naamlik: Anja Kleynhans, Vicky Coetzee, Ethan Afrika, Michelle Louw, Ize-Mari Ebden en Christine de la Querre. Die skool is baie trots op hierdie leerders.



**Ses van HSDA se Afrikaans Huistaal leerders het onder die Top 20 in die Noord-Kaap met die Senior Afrikaanse Olimpiade geëindig. Op die foto verskyn v.l.n.r: Christine de la Querre, Michelle Louw, Ethan Afrika, Vicky Coetzee, Anja Kleynhans en Ilze-Mari Ebden.**

## *TUISRAAD VIR BLOEDKLONTE*

'N KLEIN bietjie kaneel in warm water elke dag werk wonders. Kaneel is soos die natuur se disprin. Dit verdun die bloed.

**Vir hoë bloeddruk:** Die asyn sous van gebottelde beet werk wonders! So lepel elke dag. As 'n moeder wat borsvoed 'n klont kry moet jy koolblare in kookwater sit om goed warm te word en dan die blare op die bors pak terwyl hulle nog warm is. Die klont sal dan sommer weg wees. Smeer die bors warm met klapperolie en sit nou 'n kam op die klont en sit dan watte bo-op die kam en maak dan warm toe. Hou aan tot die klont weg is.

**Bloedvergiftiging:** Klop die geel van een eier liggies en gooi dan een eetlepel fyn tafelsout by en meng goed. Smeer op 'n lappie en sit op die sweer. Dit sal die gif gou uittrek. Gooi saam een botteltjie harlemensies . . . een botteltjie balsemsulfuris . . . een botteltjie balsemkopiva . . . een botteltjie kasterolie . . . bietjie rou lynolie . . . bietjie lampolie en 'n stukkie heuningwas en smelt op stadige hitte sodat dit nie aanbrand nie.

Smeer aan die sweer en maak toe. Kneus 'n klompie wildeknoffel en kook dit dan tot sag . . . maak goed fyn en meng dan met broodkrummels of meel tot 'n smeerbare pap. Sit dit so warm op die sweer en vervang elke vier uur totdat die pyn en swelsel weg is. Kook pampoen tot sag en maak dan fyn. Sit op 'n lappie en sit op die sweer so warm as moontlik.

**Bloedvintpleister:** Droë kanfer, rou reusel, balsem copiva, harmansdrup, balsem sulphurus, pain killer, en jamaika gemmer. **Blindederm:** Drink op een dag twee botteltjie wit dulcies uit. Drink 'n ½ bottel op 'n slag. Dit sal laat die blindederm uitdroog. Kneus sewe knoffelhuisies goed en gooi op een bottel soetolie. Meng goed en laat staan om te trek. Neem een eetlepelvol drie maal per dag.

Kook 'n handvol kakiebos in 'n bietjie water tot daar een koppievol oorbly . . . maar moet nie langer as 15 minute kook nie. Haal van vuur af en gooi deur 'n skoon doek . . . .laat nou afkoel. Drink drie maal per dag een eetlepelvol . . . net so . . . moenie iets bygooi nie. Skroei rys tot bruin . . . rol fyn en sit in kookwater en laat trek. Drink dan een kelkievol drie keer per dag.

## Covid-19 in schools

THE Northern Cape Department of Education has recorded 97 new Covid-19 infections during the past week. This includes 14 educators, 80 learners and 3 support staff at schools. The Department has seen a considerable decrease in Covid-19 infections for two consecutive weeks and we hope that this trend will continue in our schools.

All 555 public ordinary schools are currently open and fully operational, which is a clear indication that our schools have the necessary systems in place to ensure Covid-19 compliance and to limit the spread of this deadly virus.

We would further like to encourage all educators, support staff and learners who qualify to be vaccinated, and have not yet chosen the route of vaccination to do so, in order to gain maximum protection of our school communities.

Vaccination has proven to be safe, and remains the only way that we can protect ourselves against the Covid-19 virus.

The Department requests all school communities to remain vigilant and adhere to the Covid-19 regulations and non-pharmaceutical interventions as we approach the one week school break.

School communities should ensure that we limit the social interaction and movement of our children to ensure that the school break doesn't not contribute to a further increase in infections in our communities.